

16 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11

Fokusgedeelte: Openbaring 4:1,2

Die oop deur na bo

Baie mense vra in tye van ontnugtering en beproewing: "Is God in beheer?" Die lewe word vir baie soos 'n ewige storm wat deur niemand beheer word nie. Hul kyk op na die hemel waar hulle die oog van God soek, maar sien net 'n leë, bodemlose oogkas. In keiser Domitianus se regeringstyd beleef die ontnugterde gelowiges ook spanning. Hulle word vervolgt en Domitianus sê: "Ek is Here en Koning." Die Here gee sy antwoord op die vrae van die gelowiges. Johannes sien 'n deur wat na die hemel oopgemaak is. Deur die deur sien hy 'n troon, die punt van absolute beheer. Die troon is nie leeg nie. In majesteit en glorie sit God op die troon. Alles in die hemel is op Hom gerig. Die hemelwesens aanbid Hom: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige ..." Vier en twintig ouderlinge, die kerk deur al die eeue, kniel en aanbid Hom. Van sy troon gaan daar weerlig, donderslae en stemme uit. God is aktief met sy magdade besig om die ganse skepping te stuur na sy groot einddoel – wanneer alles in aanbidding voor Hom sal buig. Die bestuur van God is tot voordeel van die kerk en elke gelowige persoonlik. In Gods se raad is sy liefde vir ons opgesluit, liefde wat Hy met Christus aan die kruis bewys het. Hiermee word ons aangemoedig om te midde van die katastrofes in die wêreld en ons eie lewe, deur die geloof die oop deur na bo te sien. God is daar – Hy regeer en staan aan die stuur van sake. Ook hierdie dag se gebeure is in sy beheer. Die skynbare onsinnige gebeure word deur Hom in sy plan opgeneem en kry sin.

Sing: Skrifberyming 37:1,2 Ds JGL van der Walt (Worcester)